NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 ure 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne is voorberei vir gebruik deur eksaminatore en subeksaminatore, wat almal 'n standaardisasievergadering moet bywoon ten einde te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie enige gesprek of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Daar word besef dat daar baie verskillende sienings oor sommige kwessies van beklemtoning of besonderhede in die riglyne kan wees. Daar word ook besef dat sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardisasievergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.**

---

IEB Copyright © 2019 

## AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag in hierdie afdeling.

Skryf 'n beredeneerde opstel wat bewys toon van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering. Dit moet ongeveer 800 tot 900 woorde lank wees.

## TEMA DIE KOUE OORLOG

### VRAAG 1

**In watter mate het Kommunistiese China teen 1976 'n "derde invloedsfeer" in die Koue Oorlog geskep?**

***Nasieners moet ALLE argumente wat deur kandidate aangebied is en waar die bewyse wat verskaf is, betekenisvol en geldig is, oorweeg en krediet daarvoor gee.***

**Konteks:**
- Burgeroorlog het in China tussen Mao se Chinese Kommunistiese Party (CKP) en Chiang Kai-shek se Kuomintang (KMT) in 1927 uitgebreek.
- 'n Mate van samewerking tussen die CKP en KMT gedurende die Japannese besetting (1937–1945).
- Burgeroorlog is in 1945 hervat – CKP versterk – KMT in 1949 verslaan en na Taiwan teruggetrek – totstandkoming van Republiek van China.
- Mao en CKP het in Oktober 1949 Beijing binnegegaan – verklaring van die Volksrepubliek China – nie deur die Weste erken nie, maar deur Stalin en USSR.

*Konteks moet verkieslik by die opstel geïntegreer word om 'n raamwerk vir argumentering te skep.*

**Verhouding tussen Volksrepubliek van China en USSR:**
- "Verdrag van Vriendskap" in 1950 geteken:
  - Sowjet-hulp aan China – adviseurs, tegnici en nywerheids- en militêre toerusting
  - Verhoudings versterk toe albei Noord-Korea in Koreaanse oorlog steun
  - Gebind deur 'n gemeenskaplike vyand: Verenigde State van Amerika
- Wesenlike verskille het sigbaar geword:
  - ideologiese interpretasie van Marxistiese idees:
    - o Mao het op kleinboere en landelike gebiede gefokus as die sleutel tot 'n suksesvolle revolusie vergeleke met die Russiese revolusie se fokus op nywerheidswerkers
    - o Mao het die revolusie as deurlopend beskou in vergelyking met die Sowjets wat dit as eenmalig gesien het
  - Chroesjtsjof het Stalin en sy beleidsrigtings veroordeel en 'n *beleid van vreedsame saambestaan* met die Weste voorgestel – Mao het Stalin se idees ondersteun – die idee van wêreldrevolusie.
  - Mao het die Sowjets as *revisioniste* veroordeel
- Negentiende-eeuse grensdispute het in 1960's opgevlam
- USSR het nie kerntegnologie met China gedeel nie
- Mededingende wedywering en *invloedsfere*
  - het opponerende kante in die Indië-Pakistan-oorloë in die 1960's ondersteun
- Sowjet-adviseurs het in 1960 uit China onttrek
- Persoonlike antagonisme tussen Mao en Chroesjtsjof het die toenemende breuk tussen USSR en China vergroot
- Het tot die Sino-Sowjet-skeuring teen die laat-1960's gelei

**Verhouding tussen China en VSA:**

- Spanning tussen China en VSA sedert 1949 – VSA as vyand van Volksrepubliek van China (VRC) beskou:
  - Koreaanse oorlog het verhoudings versleg
  - China het Noord-Viëtnamese gesteun; VSA het Suid-Viëtnamese gesteun
- VSA-beleid gemik op voorkoming van die *domino-effek* waardeur kommunisme na Asië kon versprei
- *Sino-Sowjet-skeuring* het tot verandering in beleid tussen China en VSA gelei:
  - VSA nie meer 'n bedreiging weens terugslae gedurende Viëtnamese oorlog
  - Na interne omwentelings in China, het 'n verhouding met die VSA 'n moontlikheid geword
- Ontwikkeling van nouer bande tussen China en VSA:
  - 1971 VSA-tafeltennisspan het China besoek – "pingpong-diplomasie"
  - VSA het teenkanting teen China se lidmaatskap van VN teruggetrek – het Taiwan in Veiligheidsraad vervang – *erkenning as 'n wêreldmag*
  - Nixon (1972) en Ford (1976) het China besoek, formele erkenning van VRC in 1979.

**China as 'n *derde mag* teen 1976:**

- China het buitelandse beleid onafhanklik van USSR ontwikkel viz. inval van Tibet
- China het *Maoïsme* uitgevoer:
  - Gelei tot mededinging tussen VRC en USSR – *mededingende invloedsfere*
  - Verhoogde belegging in en hulp aan Afrika-lande – *het Sowjet-invloed* teengewerk
  - Het bevrydingsbewegings in Afrika ondersteun
- China word in 1964 'n kernmoondheid
- Ekonomiese stabiliteit teen vroeë-1970's bereik, *maar nie vergelykbaar met VSA of USSR nie*
  - Selfonderhoudend in olie en ander groot nywerhede – *minder afhanklik van ander lande*

**OF**

**TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**

**VRAAG 2**

**In watter mate kan die Angolese oorlog tussen 1974 en 1989 as 'n suiwer "streekskonflik" beskou word?**

***Nasieners moet ALLE argumente wat deur kandidate aangebied is en waar die bewyse wat verskaf is, betekenisvol en geldig is, oorweeg en krediet daarvoor gee.***

**Konteks:**

- Invloedsfere gekenmerk deur die Koue Oorlog – VSA en Westerse demokrasieë teen USSR en kommunistiese bondgenote
- VSA buitelandse beleid in Afrika om Sowjet-invloed teen te werk – tot ingryping en konflik gelei
- USSR en China het ook ontluikende Afrika-lande en bevrydingsbewegings ondersteun
- 1975 Angola onafhanklik van Portugal – bewegings kom ooreen om saam te werk
- Buitelandse betrokkenheid by VSA en USSR, ondermyn egter samewerking van die bevrydingsbewegings – lei tot burgeroorlog

IEB Copyright © 2019 

- Suid-Afrika raak betrokke by 'n inval in Oktober 1974
- Kubaanse betrokkenheid aan die kant van MPLA
- *Let wel: kandidate mag "streekskonflik" op enige beredeneerde manier interpreteer, maar die redenasie moet volgehou word.*

*Konteks moet verkieslik by die opstel geïntegreer word om 'n raamwerk vir argumentering te skep*

**Inhoud:**

**Oorlogvoerendes:**
- Drie wedywerende bevrydingsbewegings:
  - Angolese Volksbevrydingsbeweging (MPLA)
    - Deur Neto gelei, in 1958 gestig
    - Ondersteun die totstandkoming van 'n kommunistiese staat – Marxistiese agenda – wil etniese lojaliteite oorkom
    - *Ondersteun deur USSR, Kuba en Algerië*
    - Steun in Luanda en ander dorpe geleë – verstedelikte intellektueles
  - Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA)
    - Gelei deur Holden, in 1954 gestig
    - Nasionalistiese agenda
    - Bande met China (en aanvanklik VSA) – gebruik FNLA om Sowjet-steun vir MPLA teen te werk
    - Ondersteun deur Mobutu van Zaïre
    - Ondersteuning grootliks in die noorde
  - Nasionale Unie vir die Algehele Onafhanklikheid van Angola (UNITA)
    - Gelei deur Savimbi, in 1966 gestig
    - Wil etniese lojaliteit afdwing
    - Ondersteun deur VSA en Suid-Afrika
    - Hoofsteun in sentrale hooglande en suide
- Bevrydingsbewegings deur buitelandse magte ondersteun – voorsiening van finansiële hulp en militêre ondersteuning
- Angolese ekonomie vernietig deur oorlog – MPLA beheer olievervaardiging en UNITA beheer diamanthandel
- Angolese burgerlike slagoffers baie hoog – gemeenskappe en plase in gevegte vernietig – gebruik van landmyne

**Gevolge:**
- Angolese ekonomie vernietig – infrastruktuur vernietig
- Dra by tot streekonstabiliteit
  - Suid-Afrika betrokke weens beheer oor Suidwes-Afrika/Namibië
- Sowjetse en Kubaanse betrokkenheid uitgebrei: betrek ander oorlogvoerendes
- Buitelandse betrokkenheid het Angolese oorlog uitgerek
- Olifante vir ivoor gejag – gebruik om die oorlog te befonds
- Wit minderhede in Suid-Afrika en Rhodesië onder druk
  - ANC gebruik Angola as basis vir gewapende stryd teen Suid-Afrika
- Kubaanse betrokkenheid dra by tot skikking oor Namibië
- Konflik lei tot Angolese vlugtelingprobleme in buurlande

**OF**

**TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT OP HEDE**

**VRAAG 3**

**In watter mate was die optrede van die Verenigde State van Amerika die enigste faktor wat teen 1991 tot die ineenstorting van die Sowjetunie gelei het?**

***Nasieners moet ALLE argumente wat deur kandidate aangebied is en waar die bewyse wat verskaf is, betekenisvol en geldig is, oorweeg en krediet daarvoor gee.***

**Konteks en langtermynoorsake:**
- Gorbatsjof kom in 1985 aan bewind
- USSR voor 'n leierskapkrisis
- Voortdurende militêre konflik
- Ekonomiese krisis in USSR
- **Groei van nasionalisme in Sowjet-republieke en in Oos-Europa**
- **Verenigde State as die ander supermoondheid: ekonomiese en militêre oorheersing/ stabiele leierskap**

*Konteks moet verkieslik by die opstel geïntegreer word om 'n raamwerk vir argumentering te skep.*

**Inhoud:**
**Gebeure in Verenigde State:**
***Reagan-leerstelling:***
- VSA verskaf openlike en geheime hulp aan teenkommunistiese guerrillas en weerstandsbewegings in 'n poging om Sowjet-ondersteunde, prokommunistiese regerings in Afrika, Asië en Latyns-Amerika teen te staan.
  - USSR gedwing om hulp te vergroot uit weerwraak teen VSA-betrokkenheid – druk op Sowjet-ekonomie om hierdie handlangeroorlog vol te hou
- Die leerstelling is ontwerp om Sowjet-invloed in hierdie streke te verminder as deel van die Amerikaanse administrasie se strategie om die Koue Oorlog te wen
  - VSA verskaf ondersteuning aan die Moedjahedien in Afghanistan teen die magte van die USSR – voortsetting van die konflik het druk op die Sowjet-ekonomie vergroot

***Weermag:***
- Verenigde State begin om openlik Sowjet-ondersteunde regerings te konfronteer deur ondersteuning aan rebellebewegings in Afrika, Asië en Latyns-Amerikaanse lande
- USA kan finansiële las van kernprogramme volhou – USSR toenemend onder ekonomiese druk om wapens te onderhou en bou in voortdurende wapenresies
- Strategiese Verdedigingsinisiatief as beskerming teen Sowjet-kernbedreiging bekendgestel

***Ekonomiese dominansie:***
- Verenigde State oefen toenemend beheer uit oor die wêreldekonomie – Sowjet sentraal beheerde ekonomie kan nie aanpas nie
- Verhoogde tegnologiese voordele – USSR kan nie groei ewenaar nie

**Sowjet-gebeure:**
***Glasnost (openheid)*:**
- Laat mense toe om reguit te praat – kan vrylik die regering kritiseer sonder enige reperkussies

- Sensorskap opgehef – vryheid van uitdrukking in kuns, letterkunde, teater en die media – debat aangemoedig – intellektuele stimulasie
- Hervorming – kommunistiese stelsel nie ondermyn nie
- Geskiedenis van USSR bevraagteken – oopstel van argiewe
- Vry verkiesings in Sowjet-republieke gehou
- Gebruik van mag vir dwang verminder

  … maar …
  - Meer vryheid het tot groter kritiek gelei – teen en vir die hervormings
  - Landswye protes teen hervormings het toegeneem
  - Nasionalistiese en godsdiensgroepe het meer vryheid gevra
  - Meer teenstand teen hervormings

  … dus …
  - Verlies aan beheer deur Kommunisteparty
  - Verkiesings lei tot opkoms van nasionaliste – verhoogde eise vir outonomie
  - Opkoms van gewilde bewegings lei tot weerstand – Baltiese state het onafhanklikheid teen Maart 1990 verklaar – verbrokkeling van die USSR begin
  - State van Oos-Europa daag Sowjet-beheer uit – kommunistiese regering omvergewerp met min Sowjet-weerstand – Berlynse muur in November 1990 afgebreek – verlies van satellietstate – Warskou-verdrag rafel uit

***Perestroika (herstrukturering)*:**

- Beoog om Sowjet-ekonomie te herbou
- Beoog om kommunistiese stelsel te hervorm – nie vervang nie
- Verander die ekonomie van staatsbeheerde of sentraal beplande ekonomie na 'n markekonomie
- Private besighede mag bestaan – eie besluite oor pryse en produksie
- Nuutgeskepte bank finansier private besighede
- Staatsubsidies onttrek – realistiese prysbepaling – groei van winste
- Buitelandse belegging aangemoedig

  *… maar …*
  - Sonder staatsondersteuning en -beheer: stort stelsels ineen
  - Pryse en lewenskoste styg – Sowjet-BBP daal
  - Voedsel- en behuisingstekorte duur voort
  - Inflasie en buitelandse skuld skerp gestyg

  … dus …
  - Toenemende openbare ontevredenheid
  - Tekortkoming van die hervormings dra tot ekonomiese agteruitgang by
  - Toenemende kritiek van Gorbatsjof – min ekonomiese groei
  - Mense krities teenoor glasnost
  - Gepoogde coup deur konserwatiewes in Augustus 1991 – misluk weens teenstand deur mense en leierskap van Jeltsin – aankondiging van ontbinding van USSR op 26 Desember 1991

***Democratiya (demokratisering)*:**

- Probeer om Sowjet-politiek te laat herleef
- Demokratiese verkiesing van kandidate vir Kommunisteparty van USSR

  *… maar …*
  - Lei tot verdere oproepe vir demokratiese prosesse
  - Ondermyn Marxistiese beginsels van die USSR

## AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord enige **EEN** vraag in hierdie afdeling.

**Die uitgebreide skryfwerk moet ongeveer 350 tot 400 woorde lank wees. Jy moet jou eie kennis gebruik en kan ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord.**

**TEMA DIE KOUE OORLOG**

**VRAAG 4**

**Verduidelik die uitwerking van die Kubaanse Missielkrisis op die Koue Oorlog deur die volgende vrae te beantwoord:**
**(a) Wat het tot die Kubaanse Missielkrisis van 1962 gelei?**
**(b) Hoe het die VSA op die ontdekking van missiele in Kuba gereageer?**
**(c) Hoe het die Kubaanse Missielkrisis Oos-Wes-verhoudings na 1962 verander?**

**Verhoogde spanning in 1950's:**
- Handlangeroorloë uitgebrei oor na die hele wêreld in laat-1950's
- Vestiging van *invloedsfere*
- Voortgesette waagpolitiek tussen USSR en VSA
- USSR bereik kernvermoë in middel-1950's – groei van idees van *wedersyds versekerde vernietiging*

**Gebeure in Kuba tot 1961:**
- Beheer van Kubaanse regering deur VSA-marionette
- VSA handhaaf vlootbasis by Guantanamo-baai
- VSA se maatskappybeheerde ekonomie – VSA koop massa van hoofuitvoerproduk, naamlik suiker
- Paar ryk Kubaanse families domineer – *oligargie*
- Meerderheid Kubane arm en ongeletterd/akute tekort aan onderwys en maatskaplike dienste
- Fulgencio Batista aan bewind vanaf 1962 – skaf grondwet af en onderdruk teenstand – ondersteun deur leër/grondeienaars en rykes
- Fidel Castro lei 'n revolusie van werkers en kleinboere – bring Batista tot 'n val en gaan Havana binne in Januarie 1959
- Castro implementeer sosialistiese beleide: sosiale beleide/nasionalisasie van nywerhede/ kollektivisering van plase – versoek hulp van VSA
- VSA-maatskappye oefen druk op regering uit om op te tree – VSA verbied invoer van suiker en breek diplomatieke bande – migrasie van ryk Kubane na VSA
- Castro begin met handelsonderhandelinge met USSR – aankoms van Sowjet-tegnici en -adviseurs – VSA bang vir 'n kommunistiese Kuba – aangemoedig deur Kubaanse émigrés
- Eisenhower administrasie beplan omverwerping van Castro – gebruik van VSA militêre magte en Kubaanse bannelinge
- Toestemming vir inval deur Kennedy in Januarie 1961 – Varkebaai – VSA-mag verslaan deur Kubaanse mag
- VSA optrede laat Castro nader aan die Sowjetunie beweeg – diplomatiek en ekonomies

**Gebeure tot Oktober 1962:**
- Sowjetunie begin om missielbasisse in Kuba te bou – in weerwraak teen VSA basisse in Turkye

- Oktober 1962 – VSA se verkenningsvliegtuigfoto's toon die missielbasisse vir mediumafstand ballistiese missiele – vervoer vanaf USSR – vermoë om groot VSA-stede vanaf Kuba te bereik
- Kennedy begin uitvoerende komitee – adviseer oor 'n aantal moontlike response: inval/lugaanval/diplomasie/onttrekking/blokkade
- Kennedy beveel 'n vlootblokkade van Kuba
- Chroesjtsjof nie bereid om oorlog te waag nie – Sowjetskepe beveel om om te draai

**Gevolge na Oktober 1962:**

- Kennedy en Chroesjtsjof bereik 'n ooreenkoms:
  - USSR haal Kubaanse basisse uitmekaar in ruil vir VSA wat Turkse basisse verwyder
  - "blitslyn" tussen Withuis en Kremlin opgestel
  - Verdrag oor kerntoetsverbod 1963 – probeer kernwapens inperk
- USSR en VSA beweeg in 'n tydperk van détente in – ontdooiing van verhoudings tussen Ooste en Weste – stabilisering van verhoudings
- Kennedy word as 'n held beskou – Chroesjtsjof gedwing om te bedank "Missielman"

**OF**

**TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**

**VRAAG 5**

**Verduidelik die uitwerking van Julius Nyerere se beleidsrigtings op Tanzanië deur die volgende vrae te beantwoord:**

**(a) Voor watter maatskaplike en ekonomiese uitdagings het Julius Nyerere in Tanzanië te staan gekom in die tydperk na onafhanklikheid?**

**(b) Hoe het Julius Nyerere probeer om die maatskaplike en ekonomiese uitdagings op te los waar voor Tanzanië na onafhanklikheid te staan gekom het?**

**(c) Hoe suksesvol was Julius Nyerere om die maatskaplike en ekonomiese uitdagings waar voor Tanzanië in die tydperk na onafhanklikheid te staan gekom het, te bowe te kom?**

**Uitdaging waarvoor Nyerere te staan kom na onafhanklikheid:**

- Beperkte politieke hervorming in Tanganjika in die 1950's
- 'n Mate van administratiewe ervaring deur Afrikane teen 1961
- Tanganjika Afrika Nasionale Unie (TANU) het verkiesings in 1960 gewen – Tanganjika word in 1961 onafhanklik – verenig met Zanzibar in 1964 – totstandkoming van Tanzanië
- Tanzaniese ekonomie oorspronklik op sisal gebaseer – prys van sisal stort ineen in 1930 – Vervang deur grondboontjies as 'n kontantgewas
  - Grond ongeskik en boere kan nie genoeg produseer om wins te maak nie
  - Ekonomie dus die minste ontwikkel
- Grotendeels bestaanslandbou in 1960's
- Mense van Tanzanië in 'n aantal stamme/godsdienste verdeel – egter min konflik
- Baie min onderwys of maatskaplike dienste – bevolking grootliks ongeletterd
- Afhanklik van hulp

**Nyerere se oplossing vir ekonomiese en maatskaplike kwessies:**

- *Ujamaa* geïmplementeer om ekonomie te verbeter:
  - Skepping van kollektiewe dorpies – poging om landbouproduksie te verhoog deur middel van gekonsolideerde eienaarskap van grond en gereedskap
- *Afrika sosialisme:*
  - Poging om selfonderhoudend te wees
  - Vestiging van kleinskaalse nywerheid onder staatsbeheer
  - Nasionalisasie van buitelandse sake – staat koop aandele in groot nywerhede in privaat besit
- *Arusha-verklaring,* 1967:
  - Poging om 'n egalitariese samelewing te skep
- Implementering van basiese onderwys vir almal
  - Fokus op landelike opvoeding en basiese geletterdheid
  - Skep van nasionale diens vir professionele gegradueerdes
- Afrika-kultuur en -identiteit gevier

**Nyerere se suksesse en mislukkings:**

- 'n mate van sukses in onderwys:
  - teen 1981 97% van alle Tanzaniërs woon gratis laerskole by, volwassene-ongeletterdheid verminder van 80% in 1961 tot 20% in 1981, maar …
    - o minder hulpbronne aan hoërskole gegee, wat tot tekort aan onderwysers gelei het
    - o standaard van onderwys het geval vanaf 1980's
- Viering van Afrika-kultuur en -identiteit *suksesvol*:
  - Swahili die nasionale taal – mense sosiaal gebind
  - Musiek en kunste beklemtoon, d.i. *Tinga Tinga* en *Makonde* – internasionale erkenning
- Kollektivisering van plase *nie suksesvol nie:*
  - Weerstand van boere – regering moes dwang gebruik
  - Geen geld in dorpies belê nie
  - Landbouproduksie daal – toenemend afhanklik van buitelandse hulp teen 1980's
- Tanzanië *nie in staat om selfstandigheid te bereik nie* – gedwing om geld by IMF te leen
- Mate van sukses in die tekstielbedryf
- Gesondheidsorg verbeter deur toegang tot klinieke

**OF**

**TEMA DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'n NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT OP HEDE**

**VRAAG 6**

**Verduidelik die uitwerking van die groei van die *Solidariteit*-beweging op Pole en Oosblok in die 1980's deur die volgende vrae te beantwoord:**

**(a) Wat het in die 1980's tot die ontstaan van die *Solidariteit*-beweging in Pole gelei?**

**(b) Hoe het die *Solidariteit*-beweging in die 1980's kommunistiese beheer in Pole uitgedaag?**

**(c) Watter uitwerking het die *Solidariteit*-beweging in die 1980's op Pole en die Oosblok gehad?**

**Situasie in Oos-Europa in laat-1970's:**

- Onder Brezjnjef begin USSR om beheer oor Oos-Europese state te verloor – voortgesette effek van oorlog in Afghanistan, ekonomiese krisis besig om in Sowjetunie te ontwikkel
- Weerstand teen kommunistiese regering begin in 1950's
- Rooms-Katolieke Kerk – ten spyte van poging van onderdrukking – bly sterk in Pole
- 1979 besoek van Pools gebore Pous inspireer Pole om groter vryhede te eis
- Pole kom ook voor ekonomiese krisis te staan: stygende pryse en dalende lewenstandaarde
- USSR kon nie help nie weens interne kwessies

**Gebeure in Pole van vroeë-1980's:**

- Augustus 1980 by Lenin-skeepswerf in Gdansk stig werkers onafhanklike vakbond – Solidariteit – lei 'n staking wat oor hele Pole strek
- Solidariteit – gelei deur Lech Walesa – stuur lys met 21 eise soos beëindiging van sensorskap, vry vakbonde en reg op godsdiensvryheid aan die regering
- Poolse regering stem tot al Solidariteit se eise in – styging in ledetal van drie miljoen tot nege miljoen
- Solidariteit word deur Pole as politieke alternatief beskou – Poolse regering bedreig, maar het nie opgetree nie, maar …
  - Sowjetunie bedreig deur optrede van Solidariteit – stuur in Desember 1981 Rooi Leër in vir militêre maneuvers op Poolse grens
  - Poolse regering kondig krygswet af
  - Solidariteit verban en 10 000 leiers opgesluit
- Lech Walesa ontvang Nobelprys vir Vrede in 1983
  - Internasionale ondersteuning het aan *Solidariteit* geloofwaardigheid verleen
- *Solidariteit* oefen steeds invloed uit en begin sedert 1986 om openlik te werk – werk saam met Rooms-Katolieke Kerk en begin *Radio-Solidariteit* – openlike minagting vir Sowjetunie en kommunistiese regering van Pole

**Invloed van Solidariteit in laat-1980's:**

- USSR ondergaan groot hervormings of perestroika en glasnost – verhoogde verdraagsaamheid teenoor nasionalistiese bewegings in Oosblok
- Oosblok bewus van Solidariteit se minagting van Sowjetunie en van kommunistiese regering in Pole
- Maart 1989 Gorbatsjof kondig aan dat kommunistiese regering kan nie meer op Rooi Leër staatmaak om mag te handhaaf nie – Jaruzelski kan nie optree nie
- Solidariteit word sterker – minagting van die kommuniste inspireer ander state van Oosblok
- Ekonomiese situasie in Pole versleg in laat-1980's –
  - Poolse tafelronde-gesprekke in Februarie 1989.
- Junie 1989 Poolse regering kondig vry verkiesings aan – Solidariteit wen die meeste van die stemme en Lech Walesa word eerste nie-kommunistiese leier in Oosblok
- Verset neem toe in Oosblok in 1989 – oopstel van grense tussen Ooste en Weste – val van die Berlynmuur
- Die meeste kommunistiese regerings teen einde 1989 ineengestort

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2019